Bly of gly

TO BE OR NOT TO BE. Om te bly of om te gly. Dit was die keuse waarmee die Vrystaatse advokate aan die einde van verlede jaar gekonfronteer is.

Moet daar gebly word in die bekende ou Bloemfontein Klub-gebou met sy snoekertafels en ander fasiliteite wat lafenis kan bied vir die moeë en uitgeputte psige van 'n advokaat, of moet daar getrek word na 'n nuwe gebou, gerieflik geleë reg oorkant die Hooggeregshof en met talle moderne fasiliteite.

Dit het tot groot konflik aanleiding gegee tussen die sogenaamde "blyers" en die vooruitstrewende "glyers". Die blyers het hulle, dalk tereg, beroep op die moeilike ekonomiese toestande, die ou tradisies en veral die effek wat die afwesigheid van die kospotte (of is dit moontlik die ander fasiliteite van die Klub) op die fisiese en geestelike vermoëns van lede sal hê. Aan die anderkant was die glyers adamant. Die lewe stap aan, die advokaat moet kyk na sy "image" en die mindere afstand gaan veel meer tyd gee om in die oggende 'n ekstra koppie koffie te geniet voor die Hof begin.

Die stryd was taai, maar met 'n klein meerderheid, het die glyers uiteindelik bo uitgekom. Daar is toe baie aandagtig opgelet na die nuwe gebou se vordering. Elke aspek – van die venstertjies by die parkeerruimtes tot die Gotiese, of is dit Doriese, suile aan die buitekant – is aandagtig bespreek. Toe kom die skok. Die gebou word dan pienk en skakerings van pienk geverf! Onmiddellik was die blyers op hulle perdjie. Hulle het mos gewaarsku. Het iemand nie die boodskap verkeerd deurgegee en dink die ontwerper nie moontlik dat dit die Vrystaatse Vereniging van Maseusses is wat in die nuwe gebou wil intrek nie! Die glyers het gekalmeer. Dis 'n rustige kleur. Dis modern. Dis esteties en argitektonies aanvaarbaar. Weer eens wen hulle en die trek gaan voort.

Op 26 Maart 1990 breek die groot dag aan. Die trek begin. Dit het egter nie lank geduur voordat geesdriftige lede opmerk dat die vervoerkontrakteurs wat met groot moeite bekom is, se standaard van werk nie, om dit sagkens te stel, besonder hoogstaande is nie. Lede met sjarmante vroue, of is dit vriendinne, wat mooi woordjies by die voorman bak, het klaarblyklik voorkeurbehandeling gekry. Ander lede moes met groot skok verneem dat hulle lessenaars te groot is vir die hysbakke, of dat hulle boekrakke nooit onder gaan kom nie. Baie waardige boekrakke is gereduseer tot klein hopies hout. Erfstukke van lessenaars se voorkoms is teen dieselfde spoed verander deur allerhande nuwe ontwerpe wat op die voorkant daarvan aangebring is.

Na 'n dag kanselleer 'n hele aantal lede hulle ooreenkomste met die vervoerkontrakteurs. Die chaos word nou erger. Elkeen wat 'n bakkie, 'n vragmotor of selfs net 'n gewone motor met die seesleepwaentjie daaragter kan bymekaarskraap, is nou besig om met behulp van vrou, kinders, tuinman en huishulp te verskuif. Al hierdie verkeer moet deur twee hysbakke afgevoer word en weer deur twee opgevoer word in die nuwe gebou. Soveel pret en plesier is lanklaas beleef.

In die nuwe gebou is gevind dat die kamerindelings nie besonder duidelik is nie. Wie en wat is waar? Nou begin daar 'n heerlike wegkruipertjiespeletjie. Waar is my boeke? Waar is my lessenaar? Waar is my skildery van die skippie in Hongkong? Beskuldigings vlieg oor en weer, maar gelukkig help die tee en ander verversings wat 'n nabygeleë prokureursfirma aanbied darem om die gemoedere ietwat te kalmeer.

Na 'n week of drie of was dit ses, is al die gemoedere gekalmeer en daal daar 'n redelike rustigheid neer. Die nuwe fasiliteite en veral die décor kan geniet en waardeer word. Om die gemoedere wat nog enigsins gekweld is te kalmeer, word daar twee afsonderlike funksies aangebied om die verskuiwing te vier. By die eerste geleentheid word al die hardwerkende vrouens onthaal en by 'n verdere geleentheid word die nuwe gebou aan die Vrystaatse Regters bekend gestel. Om die minste daarvan te sê, was albei hierdie feestelikhede groot suksesse. In Bloemfontein is alles dus nou weer pienk en plesierig en sien ons daarna uit om kollegas van oor die hele land in die nuwe gebou te onthaal.

Pieter Geldenhuÿs
Bloemfonteinse Balie ■